DF Fokus 6/2010

HOëRSKOOL D.F. MALHERBE

Tel.: 041-5813145 **E-pos**: dfm@telkomsa.net
Faks: 041-5813118 **Datum:** 4 Augustus 2010

****

GELUKWENSINGE

Hartlik geluk aan die volgende Malherbiete en hul ouers:

TEKENKUNS: **Die volgende leerders het aan die Despatch Kunstefees deelgeneem. Charl Coetzee - 'n goue sertifikaat vir tekenkuns o/16, Luané Buys - silwer sertifikaat vir tekenkuns o/16, Judi van Eeden, tekenkuns o/14 - goud, Lize Marié Coetzee en Amaryne Buys - Grafies o/14. Danaé Bouwer - Goud in Grafies o/14.**

GHOLF: Mieke de Ridder behaal die volgende prestasies: Extrusion World Open - 8ste (B-Afdeling meisies en seuns gemeng). Grens Dames Ope Amateur Kampioenskap: Strokeplay (36 gate) 4de B-afdeling, Matchplay verloor 2/3 in semi-finaal. Fish River Junior Ope: Strokeplay (54 gate) - 4de (B-afdeling meisies en seuns afdeling). Mieke word vir die OP o/14 span gekies wat deelgeneem het aan die Fish River Sun Interprovinsiale Gholf Uitdaagreeks: Strokeplay (54 gate) 13de (meisies en seuns gemeng). Mieke het 3 uitstekende rondte tellings van onderskeidelik 78, 81 en 76 aangeteken. South Africa u/18 Girls' Rose Bowl Championship: Strokeplay (54 gate) gesamentlik 2de (B-afdeling). Sanlam SA Amateur Dames Kampioenskap: Strokeplay (54 gate) 13de (B-span), Matchplay: Verloor 3/4 in die 2de ronde. Nomads SA Girl u/18 Championship: Strokeplay (54 gate) 8ste (B-afdeling). In die volgende toernooie het seuns en dogters saam deelgeneem: Fredd Bell Trofee by Humewood - gesamentlik 2de. Glacier Ope by PE Gholf Klub - 6de - behaal ook "Hole in One". Verteenwoordig OP o/18 dogterspan by Interprovinsiale toernooi in Aliwal-Noord - OP span verower goud. Nomads Jnr Challenge by Walmer Gholf Klub: 7de. Griebenouw Attorneys Challenge by Humewood: 7de.

BINNENSHUISE KRIEKET: Mieke het OP Kleure vir binnenshuise krieket verwerf deur vir die OP o/15 span gekies te word vir die jaarlikse SA Nasionale Kampioenskap. Mieke was die enigste meisie in die o/15 span. Die o/15 OP span het uitstekend gevaar deur die toernooi onoorwonne af te sluit en is in die finaal beloon met die goue medalje. Na afloop van die toernooi is 'n o/11, o/13, o/15 en o/18 SA span gekies en is Mieke in die o/15 groep opgeneem - weer eens die enigste meisie.

Jam bash - PE HOOGLAND

Die Jeug-Forum van die NG Kerk PE Hoogland hou op Sondag, 29 Augustus 2010 'n "JAM (JESUS AND ME) BASH" vir die jeug in die PE Operahuis. Tyd: 19:00 - 20:30. Dit geskied saam met Kerugma ('n orkes uit Stellenbosh).

FIETSRY: WINTER LIGA REEKS: Marinus Prinsloo het as lid aan die NMMU-span deelgeneem, en die span het in die algehele eerste plek geëindig. Marinus het 'n gesamentlike 2de posisie op die punte-tabel in die premier liga afdeling behaal. DRIE DAE WINTER TOER: Marinus behaal 'n 4de posisie algeheel in die premier liga afdeling. "JOHN VIEIRA"-KOMPETISIE: Marinus behaal 'n algehele eerste plek in die Junior afdeling. Dit het bestaan uit 'n tydtoets, heuwelklim en padwedren. "106KM ROTARY PICK & PAY KNYSNA"-WEDREN: Marinus behaal die 3de plek in die Junior afdeling en 'n algehele 40ste plek. "ERIC VAN ENTER" - INTERPROVINSIALE SKOLE BYEENKOMS: Marinus het 'n 4de plek behaal in die Junior padwedren van 113km. Die OP-span het in die algehele 2de plek geëindig.

JEUGKOOR: Jancke Muller, Jolene Davis en Sasha-Lee van Heerden is gekies as lede van die Oos Kaapse Jeugkoor. Dit is Jolene se 2de keer wat sy deel van die koor word.

TENNIS: **Danaé Bouwer is gekies vir die OP Junior Tennisspan.**

"REACH FOR A DREAM" **Suné Serfontein en Chanté Bellingan reik uit na Divan Serfontein ('n gestremde seuntjie). Hulle het saam met hom na Pretoria gevlieg waar hulle o.a. 'n mej S.A. Werkswinkel bygewoon het.**

REDENAARS: **Mercy Kannemeyer het op Vrydag, 23 Julie, die OP verteenwoordig in die Halfeindronde van die ATKV Nasionale Redenaarskompetisie wat op George gehou is. Die beoordelaars het spesiaal daarvan melding gemaak dat Mercy oor 'n besonderse vermoë as spreker beskik.**

DEBAT: **Klara Lategan, Lize-Marié Coetzee en Mercy Kannemeyer het OP verteenwoordig in die ATKV Nasionale Debatkompetisie se Halfeindronde en het hul eie debat oortuigend gewen.**

SKAAK: Christiaan Malan is as reserwe in die OP-span opgeneem.

	GRAAD 12	**GRAAD 11**	**GRAAD 10**	**GRAAD 9**	**GRAAD 8**
1	Röth, Gerhardus	Matthee, Talana	Barnardo, Toshka	Prinsloo, Karel	Coetzee, Lize Marié
2	Theron, Annika	De Ridder, Nikki	Du Toit, Christene	Redelinghuys, Roelien	Bouwer, Danaé
3	Koetze, Karien	Crouse, Lisé	Liebenberg, Bianca	Willemse, Zuandré	Van Eeden, Judi
4	Smith, Joné	Raubenheimer, Janien	Van Deventer, Jade-Chloé	Loock, Danica	Didloff, Dannika
5	Koen, Ruan	Horn, Jeanroux	De Jager, Lizé	Booyens, Talita	Els, Jeandré
6	Du Toit, Liesbet	Keyter, Louis	Greyling, Cornelius	Ferreira, Simoné	Steenkamp, Henco
7	Nell, Karlien	Keller, Marlise	Harris, Kim	D'Assonville, Henri	Botha, Zuné
8	Greyling, Annette	Prinsloo, Marinus	Fox, Trudie	Kannemeyer, Mercy	De Ridder, Mieke
9	Annandale, Amari	Henderson, Liezl	Van Eeden, Elzaan	Kapp, Alichia	Dippenaar, Nina
10	Hechter, Rudolf	Wilken, Tiani	Van Staden, Yolande	Scholtz, Gerrit	Kotze, Schalk

DE BEERS ENGLISH OLYMPIAD 2010 **Die "English Olympiad" is 'n landswye kompetisie vir Graad 10, 11 en 12 leerders. Die doel is om leerders d.m.v. die studie van Engelse letterkunde, wat nie deur die skoolsillabus gedek word nie, te verryk. Hierdie jaar het die fokus geval op karakterisering en kortverhale van o.a. Herman Charles Bosman en James Joyce is bestudeer. Leerders moes 2 letterkunde opstelle skryf in reaksie op die gegewe onderwerpe.**

Lizé de Jager en Marizanne Pienaar (beide in Gr 10) het deelgeneem en puik gevaar. Lizé het 'n bronssertifikaat en Marizanne 'n meriete-sertifikaat verwerf.

MINQUIZ-VASVRA Karien Knoetze, Joné Smith en Gerhardus Röth het die 3de plek verower in die Platinum-afdeling. Hulle het meegeding teen 40 topskole van Oos-Londen, Grahamstad en Port Elizabeth omgewing. Wat dit meer merkwaardig maak is dat hulle die vrae wat oor Wetenskap, Wiskunde, Tegnologie en Geografie gestel is in Engels moes beantwoord. Die vasvra word geborg deur Mintek.

OOV GEESBOU-AAND

Op Donderdag, 19 Augustus hou die OOV 'n geesbou-aand vir alle ouers, leerders en personeel. Daar sal verskeie etes beskikbaar wees. U word dus vriendelik uitgenooi om saam met DF te kom geesbou voor die Saterdag se sportdag teen Nico Malan. Teken solank die datum in u dagboek aan!!!

KLASSE IN FRANS/DUITS

Ons wil graag onder u aandag bring dat Frans-klasse vanaf die 3de kwartaal by DF aangebied word, na ure. Leerlinge wat belangstel sal 'n opsionele DELF eksamen aflê en kan dan kwalifiseer vir 'n Internasionale Diploma wat Wêreldwyd aanvaar word. Vir meer inligting oor die DELF eksamen besoek: http://www.ciep.fr/en/delfdalf/index.php

Klasgeld beloop R500 per kwartaal vanaf volgende kwartaal. Geld vir Kwartaal 3 sal R350-R400 wees afhangende van belangstelling. Vir optimale resultate sal daar slegs 15 leerders per klas aanvaar word. Klasse begin op beginnersvlak en geen Franse agtergrond is nodig nie. Kontak Nel-Marié du Toit by 071 6835814 of e-pos: cheznel@live.co.za vir inligting.

Daar is ook Duits-klasse wat na-ure aangebied word. Hierdie klasse is om leerders aan Duits bekend te stel, en gesprekvaardigheid aan te leer. Verder is ons deur Theodor Herzl genader - ons leerders kan by hulle klasse in Duits (Tweede Addisionele Taal) loop. Dit is dan 'n ekstra (agste) vak in Graad 10 tot 12. Die aanbied hiervan sal afhang van die aantal belangstellendes. Leerders kan meer inligting by die kantoor (mev. Keyter) kry.

UITSLAE:

DOGTERSHOKKIE: DF 1ste vs Vaalpark wen: 11-0. DF vs Brandwag: o/14 verloor 0-1; o/16A verloor 0-5, o/16B verloor 0-6, 2des verloor 0-1, 1ste verloor 0-3. DF vs Volkskool: 2de verloor 0-6, o/16B verloor 0-5 en o/16A verloor 0-6. DF vs Trinity Academy (toerspan uit Skotland) 1ste span verloor 0-3 en 2des verloor 0-2.

KARATE: Danica Loock het aan die "Dragon Suburbs" deelgeneem en ontvang 'n brons medalje in die Kumite-afdeling en silwer in Kata-afdeling. Marizanne Joubert het die Nidan gradering geslaag (tweede dan swart belt). Jannie en Marizanne Joubert het aan die Mance Karate Extravaganza deelgeneem. Beide behaal goud in die Kumite-afdeling.

MUURBAL: DF het al hul wedstryde vs HTS Newton gewen! Die wenspan is: Ruan van Wyk, Ruan van den Heever, Stefan Uys, Annika Geyer en Zanri Strydom.

BRANDERRY: Carl Barnard is gekies om OP te verteenwoordig by die SA Junior ("Short Board") Branderry Kampioenskap.

SEUNSHOKKIE: DF vs Lawson Brown: o/16-span verloor 0-1. DF 1ste-span vs Muir: gelykop 2-2. o/16 vs Grey, verloor: 0-5, o/16 vs Pearson 2de span verloor: 0-2. 1ste vs Pearson verloor: 0-2.

NETBAL: DF vs Otto du Plessis: o/14A verloor 7-14, o/14B wen 6-5; o/16A verloor 9-11, o/16B verloor 7-8, o/16C wen 11-9, o/19A wen 23-9, o/19B wen 10-4 en o/19C wen 11-6. DF vs Brandwag: o/14A verloor 20-1; o/14B verloor 12-3; o/16A verloor 22-4; o/16B verloor 16-2; o/16C verloor 16-3; o/19A verloor 35-17; o/19B verloor 23-12 en o/19 verloor 22-16. DF vs Pearson: o/14A verloor 13-4; o/14B wen 13-11; o/14C wen 10-4; o16A gelykop 11-11; o/16B verloor 12-2; o/16C verloor 15-6; o/16D gelykop 8-8; o/19A verloor 18-16; o/19B verloor 22-9; o/19C wen 17-14; o/19D wen 12-11 en o/19E wen 20-2. DF vs Volkskool: O/16C wen 15-7, o/16B wen 20-6, o/19A wen 19-9, o/19B wen 24-15 en o/19A wen 29-14.

RUGBY: DF vs Otto du Plessis: o/14 verloor 0-38, o/15 verloor 13-14, 4de verloor 0-17, 3de verloor 0-5, 2de verloor 7-12, 1ste verloor 5-15. DF vs Pearson: o/14 verloor 0-42; o/15 wen 34-5; 4de wen 12-0; 3de wen 17-0, 2des verloor 12-17 en 1ste verloor 26-27. DF vs Volkskool: o/14 verloor 10-12, o/15 wen 55-0, 3des verloor 13-17, 2des wen 18-8 en 1stes verloor 11-25. DF vs Trinity Academy (Toerspan uit Skotland) 1stes wen 24-0.

SEUNSTENNIS: 1ste Span vs HTS Newton: wen 3 - 1, 2de span vs HTS Newton: wen 3-1.

LANDLOOP: Liga 5: Jamie-Lee Schlemmer eindig 1ste in haar ouderdomsgroep, die algehele wenner van die dogters 0/14 - 0/19-afdeling. Sy behaal 'n algehele 3de plek in die dogters en seuns o/14 en o/15-afdeling. Slegs 2 seuns kon haar klop. Dogters o/16 - Raylene Windvogel 4de en Bianca Liebenberg 7de. Dogters o/17 Aleesha Gerber 1ste, Marolene Gouws 6de en Nikki de Ridder 8ste.

DOGTERSTENNIS: DF vs VP: 1ste span verloor 0-4.

SEUNSTENNIS: DF vs Alex: Seuns 2de verloor 0-4 en DF vs Muir: Seuns 1ste wen 4-0.

OOV OUERS/ONDERSTEUNERS

'n Groot dankie aan almal wat so gereeld op Sportdae ons gaste met warm glimlagte verwelkom en bedien. U hulp by die braaivleisvure en die pannekoektafels, in die snoepie, met die Kerrie en Rys ens. ens. word hoog waardeer. Dankie ook vir al die werk met die onlangse Damestee, en vir almal wat dit kom ondersteun het. Dit was weer eens 'n groot sukses. Baie dankie - met so 'n span kan mens oorlog toe gaan!

VOORRAADOPNAME

Pick 'n Pay se voorraadopname geskied op Donderdag, 17 Augustus. Ons benodig 150 Leerders/of Leerders met Ouers om aan die projek deel te neem. Hiermee genereer DF 'n aansienlike bedrag wat weer tot voordeel van die leerders aangewend word. Ons versoek u ondersteuning in hierdie projek.

VCSV - SOPKOMBUIS

Baie dankie aan al die ouers wat sop gemaak het en brood geskenk het vir die VCSV sopkombuis, gehou op 23 Julie. Dankie ook aan die ouers wat met vervoer gehelp het. Dit was vir die VCSV-lede wat saamgegaan het 'n geseënde geleentheid.

GOUE GEDAGTES

Twee dinge kry ons nooit weer terug nie:
woorde wat uitgespreek is en tyd wat verspeel is.

Vriendelike DF groete

P. HAUMAN
SKOOLHOOF

BELANGRIKE DATUMS VIR DIE 3DE KWARTAAL—HERSIENE WEERGAWE

AUGUSTUS

2-14 Voorbladnooi oefening
4 Bybelvasvra, Leerlingraad nominasies
5 ATKV-Tienertoneel (Savoy)
9 Vrouedag
10 Genomineerde Leerlingraad Fotoblad
13 Voorbladnooi kleedrepetisie
14 Voorbladnooi
17 Sirkus Leerlingraad, Finaal v/d ATKV-nasionale debatskompetisie
18 Stem Leerlingraad
19 Geesboufees, RTT Graad 12 Prakties
20-21 Interskole Nico Malan (W),
20 Baldans Toetse/Eksamen, ATKV - Redenaarsfinaal (Buffelspoort)
23 Leerlingraad aankondiging
24 Gr 12 eksamen begin
25 Inhuldiging Leerlingraad, Sport Prysuitdeling
27-28 Baldanstoetse/Eksamen
27 Rugby/Netbal/D/hokkie Andrew Rabie (W)

SEPTEMBER

3 Leerlingraad Kamp (terug die 4de)
9 Junior Olimpiade
11 OOV Damestee
14 Toetsreeks (eindig die 23ste)
18 Skaaktoernooi (tot die 19de)
23 Skole sluit - MATRIEKDANS
24 Skudtember-fees

OKTOBER

18 Ouer-vergadering: Begroting